BABAGIM VIR DIERE

Nou vir die gemiddelde mens sal dit dalk ongeloofwaardig klink maar ek dink tog dat hierdie “ding” (BabaGim) nie net tot die mens beperk kan word nie....
Ons is melkboere en dit beteken dat daar ‘n redelike groot hoeveelheid kalwertjies gebore word en dat ‘n mens die proses baie sien. Wat my nogal opval (vandat ek meer ingelg is oor BabaGim), is dat ‘n koei haar nuwe kalfie begin droog lek - neerste die kop en veral die neus ‘n paar woeste lekke sal gee en dan die naeltjie. Nou kan dit moontlik verklaar word dat dit is om die passiewe bloeding daar onder beheer te kry of is dit om asemhaling en suig reflekse te stimuleer??....want tot nog was dit die area waar suurstof sowel as voeding vandaan gekom het.

Ook het ek onlangs die ondervinding gehad van ‘n kalfie wat ons uit die buik van ‘n koei gesny het nadat sy reeds dood was. Die koei het ‘n virus siekte gekry wat in die rugmurg in gegaan het en haar verlam gelaat het ,sy was reeds ver dragtig en ons het haar so lank ons kon probeer aan die lewe hou – gehoop as die kalfie eers gebore is sy dalk weer sou kon opstaan , maar heellaas dit het geblyk dat ons albei sou verloor en ons het op die einde besluit om die kalfie te red –as die nog sou leef. Dit was ongeveer 21 dae voor die verwagte kalfdatum ...Ek het die koei met kortisone begin behandel in ‘n poging om die longe gereed te maak vir die geboorte maar aan suig refleks kon ek nie veel doen met medisyne nie. Hier was nou ‘n tyd om ‘n teorie te toets en net na die verlossing plaas gevind het , het ek hierdie kalfie se skedeltjie versigtig begin druk van die neus af na agter soos tydens ‘n normale geboorte. Ook het ek die naeltjie en neus rof gevryf met ‘n growwe handdoek ..Binne die eerste uur het sy sonder probleme haar eerste 2 L biesmelk gedrink en sonder probleme begin groot word , sy is nou 4 maande oud , gespeen en daar is geen agterstand by haar maats nie.

Die wêreld om ons is vol wonderlike dinge... ek sou graag nog meer wou weet om die allerdagse lewe op te kikker met goed wat God ons gegee het om ons te help waarvan ons tot nog toe nie weet nie.

Groete uit die Vrystaat

Mien Viljoen
Doornkraal